## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM Gespreksgroep

ACIM op Donderdag 6 September 2012
Kom reis saam met ons in hierdie amazing boek
Kontak Terblanche vir meer info

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**______________

**Woonadres**

______________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum

## 2 September 2012

## DAAR WAAR LEWE IS

## Die Siel is die kombuis van jou lewenshuis

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Sanctus ~ Fauré ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ons Onverganklike en Ewigdurende Skepper
hemel is om te onthou dat ons één is met U.
Heilig is U naam: ek is wat ek is …
Laat U koninkryk kom IN ons
en bring ons in balans en harmonie met U,
ons dank U vir die brood wat U gee:
brood van vergiffenis
soos die brood wat ons uitdeel
aan almal wat vir ons 'n naaste is —
en lei ons wanneer ons in versoeking kom,
maak ons vry van dit waaraan ons so swaar dra …
want aan U behoort die krag van U skepping
die heerlikheid van ons verwondering;
die eer van ons aanbidding;
van vandag af tot in alle ewigheid.
~ Amen ~

## STILTE VAN BUITE

~ Pie Jesu — Fauré ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### DIE SIEL IS DIE KOMBUIS VAN JOU LEWENSHUIS.

So sê God, die Here, Hy wat die hemelkoepel geskep en dit oopgespan het,
Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer,
Hy wat aan al die mense op aarde die asem gee,
die lewe aan alles wat op die aarde beweeg:
Ek is die Here omdat Ek getrou is aan my verbond, het Ek jou geroep.
Ek hou jou vas, Ek beskerm jou en Ek maak jou my verbond met my volk,
my lig vir die nasies. (Jesaja 42:5-6)

Collective Soul = Cosmic Consciousness = Creative Connectedness

Die Siel is die plek waar die passievolle liefdesvure brand.
Dis waar ons Liefde, Lewe is en waar ons die Lewe as Liefde ken — ervaar — voel ...
Hier voed en versorg liefde en siel mekaar

... die konneksie tussen dit wat vorm en vormloos is
... die ligstraal tussen aarde (tyd) en hemel (ewige)
... die naelstring en asem tussen alles wat lewe

**As Jesus sê: wees volmaak soos julle Vader in die hemel ook volmaak is – dan glo ons dit gewoon nie. (Matt 5:48)**

### DIE SIEL IS ONS KRAG

Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22)

### DIE SIEL IS ONS SEKERHEID

Complete Knowing ~ Complete Experiencing ~ Complete Feeling ~

### DIE SIEL IS ONS WAARBORG

Ek sal jou wat dors het, gee om te drink uit die fontein van die water van die lewe – verniet! (Openbaring 21:6)

### GELOOF IS OM TE WEET — (KNOWING)
### SODAT ONS HOOP SAL ERVAAR — (VISION)
### EN LIEFDE SAL WORD — (EXPERIENCE)

LOVE comes to those who still HOPE even though they have been disappointed; to those who still BELIEVE even though they've been betrayed; to those who still LOVE even though they've been hurt.

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ Ave Verum Corpus — Fauré ~

## BREEK VAN BROOD EN DEEL VAN WYN
## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Heer, ek glo in U: versterk my geloof.*
*Ek vertrou op U: versterk my vertroue.*
*Ek bemin U: laat ek U nog meer bemin.*
*Ek is spyt oor my sondes: verskerp my spyt.*
*Ek aanbid U as my eerste begin, ek verlang na U as my laaste einde,*
*ek loof U as my gedurige hulp,*
*ek roep U aan as my liefdevolle beskermer.*
*Laat U wysheid my lei, korrigeer my met U regverdigheid,*
*vertroos my met U genade, beskerm my met U mag.*
*Ek gee U my gedagtes, Heer, laat hulle oor U wees;*
*my woorde: dat hulle U in gedagte steeds hou;*
*my dade: dat hulle my liefde vir U mag weerspieël;*
*my lyding: om verduur te word tot U groter heerlikheid.*
*Ek wil doen wat U van my vra:*
*soos U dit vra, – solank U dit vra – omdat U dit vra.*
*Heer, verlig my begrip, versterk my wil,*
*reinig my hart, en maak my heilig.*
*Help my om my sondes van die verlede te erken,*
*en om versoeking in die toekoms te weerstaan,*
*help my om my menslike swakhede te bowe te kom*
*en om sterker te word as Christen.*
*Laat my U liefhê, my Heer en my God,*
*en help my om myself te sien soos ek is: 'n pelgrim in hierdie wêreld,*
*'n Christen geroep om die lewens wat ek aanraak te respekteer en lief te hê,*
*dié in gesag bokant my, my vriende en my vyande.*
*Help my om woede met sagmoedigheid te oorwin,*
*hebsug met vrygewigheid, halfhartigheid met toegewydheid.*
*Help my om myself te vergeet en om uit te reik na andere.*
*Help my om verstandig te beplan, en om risiko's moedig te neem.*
*Laat ek geduldig wees in lyding, beskeie in voorspoed.*
*Help my om aandagtig te bid, en om matig te wees met voedsel en drank,*
*getrou in my werk, standvastig in my goeie besluite.*

(Universele Gebed: By die Mis – Sheila Cussons)